STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DIE WAPAD

DEEL XIII. Woensdag, 17 September 1958 No. 10.

LAASTE MASSAVERGADERING ONDER OU BESTUUR

GEVAARLIKE HOOGSPANNING

'N STAMPVOL STUDENTESAAL DONDERDAGAAND WAS DIE KROON OP DRIE VOORAFGAANDE DAE SE VERKIESINGS. SOOS ALTYD, WAS OOK VANJAAR VERRASSINGS VOLOP, VERASSINGS WAT SOOS GEWOONLIK ONVERMYDELIK DIE OORSAAK WAS TOT GROOT VREUGDE EN TELEURSTELLING.

Die atmosfeer was merkbaar gespanne toe mnr. Dirk Postma, die afgetrede S.R.-Voorsitter, die jaarverslag gelewer het met mnr. F. W. de Klerk in die voorsitterstoel. Uit die verslag het dit duidelik geblyk dat die Studenteraad van 1958 stewig voortgebou het op die fondamente wat daar gelê is. Vir al die getroue en ywerige diens aan die studentegemeenskap wil ons mnr. Dirk Postma, as voorsitter in besonder, saam met sy „span" ook langs hierdie weg baie hartlik bedank.

HENNIE VAN DER WALT

Mej. Bennie Kruger, afgetrede hoofdame, het na verneem word, ernstig beswaar aangeteken teen die „vry"-postige houding wat die bekerwenners onder die mansgeledere ingeneem het. Maar sy het geglimlag toe sy beswaar gemaak het — want sy weet haar beurt is verby!

Donderdagaand in Oënskou.

DAT DAAR VERBASING OP BAIE GESIGTE IN DIE SAAL TE LESE WAS TOE DIE TWEETAL VIR DIE VERKIESING VAN 'N STUDENTERAADSVOORSITTER DONDERDAGAAND AANGEKONDIG IS, IS 'N FEIT, MAAR DAT DAAR MET DIE VERKIESING GESKIEDENIS GEMAAK IS, IS 'N NOG MEER VOLDONGE FEIT.

Nog voordat die voorsitter die tweetal kon bekend maak, het dit reeds soos 'n veldbrand deur die saal versprei en op baie gesigte was daar verbasing te lees en op sommige ontsteltenis. Daar was seker baie jare gelede soveel onsekerheid oor wie die paal sal haal as wat daar vanjaar was, en tog het elkeen vir homself die tweetal gestel en sy man daaruit gekies — en by die meerderheid was daar eenstemmigheid oor hierdie tweetal. Tog was dit nie die tweetal wat deur die S.R.-kieskollege aan die massa voorgelê is nie. Waar het die fout dan ingesluip, of het die massa hulle vergis?

Maar ook die samestelling van die studenteraad het verrassings opgelewer. Ons dink maar net aan die A.S.B. Tog het die nuwe S.R. in die laat ure van die nag in sitting gekom en baie studente het met 'n vraagteken helder in die gees gaan slaap.

Aan elke lid van die nuwe Studenteraad bied ons ons hartlikste gelukwense met die besondere prestasie. Julle het ver op die leer gevorder.

Aan Hennie wil ons net sê: Jy het die leisels in die hande, hou hulle stewig vas. En aan Abie is ons boodskap: Daar rus 'n swaar taak op jou skouers.

Voorsitter ..... Hennie van der Walt
Ondervoorsitter ..... A. N. Helberg
Sekretaris ..... Gert Hattingh
Onder-Sekretaris ..... Albert Viljoen
Penningmeester ..... Amie Venter
Afgev. A.B.K.K. ..... Maartin van der Walt
Dries Yssel
" S.S.B. ..... Det Wet Kruger
Ansa Bingle
" A.S.B. ..... Lucia Raubenheimer
Louw van Wyk
" K.V.V. ..... Amie van Wyk
Jan van der Schyff
Hoofdame ..... Hermina v. d. Dussen

A. N. HELBERG

Ai, Die Mans!

Toe die dames Vrydagoggend vaak-vaak die eetsaal binnekom, moes hul tot hul ontnugtering ontdek dat daar nog net vurke oor is om mee te eet! (Hulle het tog in die stilligheid gewonder hoe die mans dit regkry om elkeen met meer as een mes of lepel op 'n slag te eet?. Dit was nogal interessant om te sien hoe handig mens met 'n vurk kan word. Brood smeer, eier eet en koffie roer kan alles betreklik maklik gedoen word, maar die papskottels het vol teruggegaan. As die mans so aanhou, sal die dames perdebylyfies ontwikkel van al die kalorië wat hulle noodgedwonge minder moet inneem. Of is dit dalk die idee?

* * *

Die toppunt van hoflikheid: Daar was slegs een sitplek oop in die betrokke wa van 'n voorstedelike trein. Toe die deure op die volgende stasie oopskuif duik 'n man en 'n dame van teenoorgestelde kante op die sitplek af. Die man gly eerste in die sitplek terwyl hy die dame byna van haar voete af stamp. Almal het gespanne toegekyk toe sy na hom draai. Sy het sy arm gegryp, dit hoog in die lug opgehou en geskree: „Die wenner!"

DIE BLIK GERIG NA BO . .

DIT is miskien op hierdie tydstip waar alle nuwe besture gekies is en die studenteraad vir die volgende jaar reeds saamgestel is, gewens om ons enigsins te besin oor die verantwoordelikheid van die mens. In hierdie besondere geval sal dit dan seker hoofsaaklik wees die verantwoordelikheid van die student en dan meer in besonder die student wat leiding moet gee.

En dan wil ek hierdie tema inlei met die vraag: **Beantwoord die mens aan die aan hom gestelde vrae?** God het aan die mens vrae en take gestel in Sy Woord en in Sy wêreld. Met sy dade moet die mens antwoord op daardie vrae van God. Verantwoording is antwoording op die vraag of die mens met sy antwoording in woorde en in dade aan sy bestemming beantwoord.

Om verantwoording te kan doen veronderstel dat die mens toerekenbaar is, toerekenbaar vir sy dade en woorde. Verantwoordelikheid is egter iets meer en anders as toerekenbaarheid want dit veronderstel as sodanig verpligting en gesag. Sonder verpligting en gesag kan die mens nog toerekenbaar maar nie verantwoordelik wees nie.

Die mens staan onder plig.

Die grond van plig is liefde, in fundamentele sin die liefde van God vir Sy wêreld en vir Sy mens en die wederliefde van die mens tot God, tot God se mens en tot Sy wêreld. Waar egter die sonde plig en liefde uiteenskeur, word plig 'n harde onaangename eis. Die roeping wat God aan die mens stel, is liefdesverpligtinge wat die mens volgens die welbehae van God en nie volgens eie welbehae behoort te behartig nie.

Liefde maak plig 'n plesier.

Die mens word tot verantwoording geroep. Hy verantwoord hom slegs aan iemand wat as gesaghebbende bo hom staan, seggenskap oor hom het en verantwoording van hom eis. Volgens Gods Woord beteken gehoorsaamheid roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking, ook die gehoorsaamheid aan menslike gesagsdraers omdat hulle hul gesag van God ontvang.

God roep en die mens gehoorsaam.

Met sy gehoorsaamheid en verantwoording aan die oor hom staande gesag verwesenlik die mens sy hoë waardigheid as **mens.**

Die mens is geen onderhorige, geen slaaf, geen rat in 'n masjien nie maar verantwoordelike, selfbewuste veroorsaker van sy beantwoording aan, of sy verkragting van sy roeping. As mondige en nie as leek nie, staan elkeen in sy verantwoording voor Gods aangesig. Hierin is alle mense gelyk, sowel gesagsdraers as onderdane. In sy diensbaarheid aan die Allerhoogste is die mens heer oor God se skepping en — as die verhouding reg is — getuig sy verantwoordelikheid van 'n menslike heerlikheid wat hy met verantwoordingsvreugde en kinderlike dankbaarheid aanvaar.

Na hierdie paar riglyne geagte Pukke, wil ek weer die vraag stel: Beantwoord die mens aan die aan hom gestelde vrae, beantwoord die mens aan die deur God hom opgelegde roeping?

Geagte studenteraad, geagte leiers, ons vertrou dat u ons sal lei met die blik altyd na bo gerig. Elkeen van u het 'n plig wat u in liefde moet volvoer. Maar bowenal, elkeen van u is nie alleen toerekenbaar vir u dade nie maar ook verantwoordelik aan die Hoogste Gesag. Soos ons sal opsien na u leiding gedurende die jaar wat voorlê, en altyd as mense, as verantwoordelikes voor God, u dade sal oorweeg in die Lig van Gods Woord, so wil ons ook hê dat nie u in die eerste plek moet lei nie, **maar God deur u.**

Die Wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
WOENSDAG, 17 SEPTEMBER 1958.

REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.

HOOFREDAKTEUR . . . . . Andries Myburg.
O/HOOFREDAKTEUR . . . . . Nesco du Toit.
NUUS . . . . . Jan v. d. Schyff.
INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE . . Chris Coetsee
KUNS . . . . . Enid Rautenbach.
SPORT . . . . . De Wet Krüger.
TEGNIESE-ADVISEUR . . . . . Dries Yssel.
FOTOGRAAF . . . . . Hannes v. d. Walt.
PENNINGMEESTER . . . . . Hans van Zyl.
ADVERTENSIEBESTUURDER . . . . . Eike Howaldt.
SIRKULASIEBESTUURDER . . . . . Leon Swart.

†Wyle MNR. R. W. INGRAM

Saterdag, 30 Augustus, was vir Potchefstroom 'n dag van dubbele roubeklag. Naas die eenheid van gees met dié wat in Pretoria die laaste eerbetoning aan min. J. G. Strydom gebring het, was daar in Potchefstroom die begrafnis van mnr. R. W. Ingram.

As sakebestuurder in Potchefstroom was hy alom bekend, en daarby ook 'n baie geliefde persoon. Uit persoonlike kennismaking met hom is hy geleer ken as iemand wie se hand wyd oopgegaan het vir sy medemens. Hiervan getuig ook die feit dat wyle mnr. Ingram gereeld donasies aan ons Universiteit geskenk het. Daarby was mnr. Ingram ook 'n gereelde adverteerder in al ons studenteblaaie.

Ons opregte meegevoel gaan uit tot die moeder en seun, asook al die familie en vriende. Mag hulle vertroosting ontvang van en berusting vind in God.

DAVY ROBERSON
vir
* BETER FOTOGRAFIESE DIENSTE
en
* KUNSRAAMWERKE
Tel. 317 - - - - - - Posbus 99

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . ."
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n FIETS aan te skaf.
C. van der MERWE
FIETSHANDELAAR

OOSTHUIZEN
Kole-agentskap.
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL
vir alle
* Sportuitrusting
en
* Sportbenodigdhede
* Hardeware.

Vir daardie **Hol** gevoel op die maag bak ons die heerlikste **Vleispasteitjies**
TURKSTRA BAKKERY
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 61

Wyle die Eersteminister, ADV. J. G. STRYDOM

SATERDAG, 30 Augustus, die dag van die teraardebestelling van ons Eersteminister, adv. J. G. Strydom, sal ook in Potchefstroom onthou word as 'n dag, enersyds van diepe droefheid oor die heengaan van 'n geliefde leier, maar andersyds as 'n dag van ootmoedige dankbetuiging aan God vir die gawes wat Hy die ontslapene geskenk het, om daarmee sy God te dien. Vir ons as studentegemeenskap aan die P.U. vir C.H.O. was sy ferme optrede ooreenkomstig sy suiwere beginsels, 'n navolgingswaardige voorbeeld. Dit sal ons altyd onthou.

Van die besondere belangstelling wat adv. Strydom nie alleen vir land en volk nie, maar ook vir die individu en groepe in enger kring gehad het, kan ook ons inrigting getuig. Min. Strydom se laaste besoek aan Potchefstroom was aan ons universiteit, waartydens hy sowel die amptelike oopsluiting van die kafeteria as die hoeksteenlegging van die Administrasiegebou waargeneem het, en daarna 'n vergadering in die Totius-gedenksaal toegspreek het. Slegs een ontmoeting met min. Strydom, al was dit ook nie persoonlik nie, was genoeg om 'n mens te oortuig van die ywer vir 'n saak wat daar in hom was. Dit het tydens sy toespraak dan ook duidelik geblyk. Die vuur en geesdrif vir dit waartoe hy hom geroepe gevoel het, het altyd helder van hom uitgestraal.

Oordenking

DIE GOEIE HERDER

JOH. 10: 2—5.

„Maar hy wat by die deur ingaan, is 'n herder van die skape, Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na sy stem; en hy roep sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit. En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie."

Christus die ware en goeie Herder spreek hierdie trooswoorde tot alle gelowiges. Hy versorg sy kudde sodat hulle niks te vrese het nie, en aan niks gebrek het nie aan ewige sowel as tydelike behoeftes.

Christus, die goeie Herder, wys dan ook hier op aarde mense aan om sy volk te lei. In elke gemeenskap wys Hy die leiers aan wat 'n opdrag van Hom ontvang om as herder van sy kudde op te tree. Die herder moet lei ooreenkomstig die bevel van Christus en na die herder moet die skape luister.

In ons studentegemeenskap het Hy ook die verskillende leiers aangewys. Daarom is dit vir ons by hernuwing ook weer nodig om stil te staan en te bedink hoe daar gelei en hoe daar gevolg moet word.

Nadat die herder op die regte wyse in die kraal ingegaan het, lei hy sy skape uit en loop voor hulle uit. Die leier moet dus voorgaan en lei en nie diktatories dryf nie. Christus het altyd op subtiele wyse gelei en die mense na hom getrek. Die karakter en lewe moet 'n voorbeeld wees vir die volgelinge.

Die ware leier sal dan ook altyd, om goed te kan lei, luister na die stem van sy kudde. Slegs dan kan hy van hulle behoeftes bewus wees om dan die beste leiding te bied volgens die eis van Hom wat hom aangewys het as herder.

Ook sal hy nie sy eie eer en voordeel soek nie want dan is hy 'n huurling en geen herder nie. Die ware herder sal altyd bedag wees op die welvaart van sy kudde. Met wysheid, insig en oorleg moet hy sy kudde na groen weivelde lei en hulle by die naam roep om hom daarheen te volg.

Verder moet hy elke skaap by die naam ken; nie net die sterkes nie maar ook die swakkes. Ja hy lei almal uit na die veld waar hy hul voed en beskerm.

Die kudde ken die stem van hul herder en volg hom. So is dit ook nodig vir die massa om te luister na die stem van hulle leiers en hulle te volg. Die leirs is deur God aangewys, terwyl die massa net 'n instrument in Sy hand is. Paulus skryf in Rom. 13 : 1 dan ook:

„Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur Hom ingestel."

Mag dit in ons ons studentegemeenskap so weerspieël word. Mag die leiers soos goeie herders lei en die massa gewillige volgelinge wees. So sal 'n samewerking bewerk word wat net die eer van die Herder sal soek.

J. H. S. v. d. WALT.

†Wyle MNR. BEYERS-CLAASSEN.

Vir die tweede keer binne twee weke is 'n alombekende persoon in Potchefstroom—mnr. Beyers Claassen—oorlede. Ook hy was 'n gereelde adverteerder in ons studentepublikasies.

Ons diepe meegevoel wil ons betuig aan al die dierbares en naasbestaandes van die oorledene, en ook aan hulle ryke vertroosting toebid.

Langs hierdie weg wil ons as studentegemeenskap ons innige meegevoel betuig aan die huisgesin en familie van die ontslapene. Mag hulle ryke troos put uit die woorde van die psalmdigter:

„Hy heel gebrokenes van hart,
en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver
Hy tel en roep die laaste ster."

DIE MAN OP DIE VOORGROND



Weet wat hy wil hê. Tree beslis op. G'n wik en weeg by hom nie. Ken klere. Ken die waarde van 'n bekende handelsmerk. Waarborg goeie kwaliteit. Hou van 'n manlike snit. Kyk nie net na voorkoms nie, maar soek 'n baadjie wat sy man kan staan. Kies reg. Kies Veka. Kan die man in die Vekabaadjie op 'n afstand uitken.

Tree op die voorgrond met veka

VEKA-SPORTBAADJIES, VEKA-PAKKE EN VEKA JONKHEER-BROEKE IS IN VOORRAAD BY ALLE VOORAANSTAANDE MANSUITRUSTERS „UITGEKNIP VIR U" IN DIE KLEUR WAARVAN U HOU, IN DIE SNIT WAT U PAS, IN DIE KWALITEIT WAT U VERKIES, TEEN DIE PRYS WAT U GEVAL

VZ 1000

HOOFLIGGAME VAN DIE STUDENTERAAD

A.B.K.K.

Voors.: A. Viljoen,
O/Voors.: M. P. A. v. d. Walt,
Sekre.: R. Schutte (mej.),
Pnm.: L. J. v. d. Westhuizen,
Add. Lede: Mans: A. P. Brink,
A. Myburg,
J. M. Els,
P. van Heyningen,
P. W. Bingle,
J. Boneschans,
A. G. C. Yssel,
E. P. R. de Bruyn (jnr.),
Dames: A. Davel, E. Brink.

A.S.B.

Voors.: F. du T. Lessing,
O/Voors.: C. Lessing,
Sekr.: A. Viljoen,
Organ.: K. du Plooy,
Penm.: P. van Heyningen,
Add. Lede:
Dames: S. F. Veenstra,
L. Raubeneimer,
Mans: H. J. D. v. d. Walt,
A. G. C. Yssel,
Hannes Els,
L. A. S. van Wyk.

K.V.V.

Voors.: G. Hattingh,
O/Voors.: A. van Wyk,
Sekr.: De Wet Kruger,
Organ.: J. Boneschans,
Pnm.: Hans van Zyl,
Add. Lede:
Dames: H. van der Walt,
Liesbet van der Merwe,
Mans: Amie Venter,
G. Kruger,
J. v. d. Schyff,
Dries Yssel.

S.S.B.

Voors.: E. J. de Jager,
O/Voors.: De Wet Kruger,
Sekre.: A. Bingle (mej.),
Pnm.: F. R. P. de Bruyn,
Add. Lede:
Mans: A. A. Venter,
P. C. du Plooy,
F. J. van N. Steyn,
G. Snyman,
N. Viljoen,
R. de Ville,
Dame: E. v. d. Walt.

ONDERLIGGAME VAN DIE A.B.K.K.

DEBAT

Voors.: A. Myburg,
O/voors.: J. Howell,
Sekre.: A. Davel (mej.),
Add. Lede:
Dame: S. Veenstra,
Man: J. du Plooy.

ESTRARTE.

Voors.: A. P. Brink,
O/Voors.: A. G. C. Yssel,
Sekr. Pnm.: E. Brink (mej.),
Add. Manslid: K. van Niekerk,
Add. Dameslid: B. Kruger (mej.).

VOLKSPELE.

Leier: M. v. d. Walt,
Leidster: R. Schutte,
Sekre.: A. le Roux (mej.),
Pnm.: R. v. d. Westhuizen,
Add. Lede: P. van Heyningen,
L. Raubenheimer (mej.).

SKAAK.

Voors.: J. Els,
O/Voors.: J. Boneschans,
Sekr.: P. Bingle,
Pnm.: P. A. Venter,
Add. Dameslid: L. J. v. d. Vyver.

ALABAMA.

Voors.: M. v. d. Walt,
O/Voors.: A. Venter,
Sekr.: F. du Bruyn (jnr.),
Pnm.: P. v. Heyningen,
Add. Lede: L. v. d. Walt (mej.),
S. Hoogenboezem.

MUSIEKVERENIGING.

Voors.: J. Boneschans,
O/Voors.: L. J. v. d. Westhuizen,
Sekre.: H. H. Labuschagne (mej.),
Pnm.: A. P. J. v. d. Walt,
Add. Lede:
G. M. I. C. Bekker (mej.),
R. Snyman (mej.).

THALIA.

Voors.: A. Viljoen,
O/Voors: A. G. C. Yssel,
Sekr.: P. W. Bingle,
Pnm.: J. M. Els,
Add. Lede:
P. J. Coetzee,
Mej. W. van Heyningen,
Mej. B. Coetzee.

ONDERLIGGAME VAN S.S.B.

VOETBALKLUB.

Pres.: Mnr. S. du Toit,
Voors. Dr. H. Venter,
O/Voors.: Mnr. J. H. Schutte,
Kapt.: F. de Bruyn,
O/Kapt.: De Wet Kruger,
Sekr.: J. van der Schyff,
Pnm.: Proffie van Vuuren,
Add. Lid: J. H. van Wyk.

MANSHOKKIE

Kapt.: G. Snyman,
O/Kapt. F. Vorster,
Sekr.: E. de Jager,
Pnm.: D. Venter,
Add. lid: H. Wiese.

BOFBAL

Kapt. N. Viljoen,
O/Kapt.: A. Viljoen,
Sekr.: J. Boneschans,
Pnm.: R. v. d. Westhuizen,
Add. lid: D. J. Eloff.

TENNIS

Kapt.: Eddie de Jager,
O/Kapt.: Coelinie Kruger,
Sekr.: Elme Faure,
Pnm.: D. Taljaard,
Add. Lede: C. Borman, Surette Heyns.

KRIEKETKLUB.

Kapt.: A. A. Venter,
O/Kapt.: J. J. Howell,
Sekr.: J. de Wet,
Pnm.: B. Bierman,
Add. Lid: F. J. du Plessis.

DAMESHOKKIE

Kapte: Estie v. d. Walt,
O/Kapte: Hermina v. d. Dussen,
Sekre: Marcia van Rooyen,
Pnm.: Jeanne Venter,
Add. lede: Mariëta Bruyns, Annemarie Meyer.

KORFBAL.

Kapte: Ansa Bingle,
O/Kapte: Ria Snyman,
Sekre.: Bets Coetzee,
Pnm.: Marina Venter,
Add. lede: Willie v. Heyningen, Marie Krüger.

TAFELTENNIS.

Kapt.: R. de Ville,
O/Kapte.: Elme Faure,
Sekre.: W. Toxopeus,
Pnm.: J. Boneschans,
Add. Lid: G. Wissing.

SWEMKLUB

Kapt.: F. du Plooy,
O/Kapt.: N. van't Riet,
Sekr.: L. Swart,
Pnm. G. du Toit,
Add. lede: Bets Coetzee, S. Hoogenboezem.

ATLETIEK.

Kapt.: J. J. de Jager,
O/Kapt.: C. Scheepers (Mej.),
Sekr.: M. H. du Plessis,
Pnm.: P. v. Heyningen,
Add. Lede: H. Weber (mej), C. le Roux.

STOEI.

Kapt.: F. Steyn,
O/Kapt.: P. Krüger,
Sekr.: K. Enslin,
Pnm.: L. Swart,
Add. Lid. J. Coetzee.

Alle Gekysdes en Verloofdes!!!!



Bevorder U Sake.....

Kom na
MALAN MEUBILEERDERS
Kerkstraat 112 Telefoon 2157

JANET says:
for:
- SWEETS
- GRILLS
- COOLDRINKS

Take me to the —
President Cafe, Grand Cafe, or Van Riebeeck Cafe.

A. P. Brink:

DIE MEUL TEEN DIE HANG.

Die verhaal van hierdie pasverskene novelle gaan oor die dwase en verwondbare dinge wat daar plaasvind in 'n klein dorpie tussen die berge. Jan Venter, 'n gebreklike, het hom daar kom vestig om vir hom 'n eie plekkie te vind en weg te kom van 'n verlede waarin veel vernedering en verdriet was. Hy begin daar 'n saagmeul waarheen meeste van die boere van die omtrek hul hout bring, maar slaag nie daarin om hul vriendskap te wen of die teensin te oorwin wat sy gebreklike voet by hulle skep nie.

Die een huisvrou aan die ander: „My man is eenvoudig hopeloos om iets reg te maak, daarom is alles in ons huis in 'n werkende toestand."

Sy enigste vriendinnetjie, Marina, verongeluk tragies in sy meul. Dit laat die hele dorp se haat op hom losbrand. Die ongelukkige man word deur die vyandige dorpsinwoners op alle moontlike maniere verplig om pad te gee.

Jan pleeg eers lydelike verset, maar ná 'n aanranding op oujaarsdagnag begin hy haat met haat te beantwoord, betaal die skinderveldtog wat teen hom gevoer word in gelyke munt terug, knoop 'n reeks hofgedinge aan teen gesiene inwoners. Uiteindelik kom 'n ommekeer wanneer hy een nag na die dorpie gaan om hulp te haal vir die blankes wat hulle in 'n kampong naby sy meul, waar die kaffers in opstand geraak het, bevind. Sy haat het egter te lank geduur. Niemand wil meer na sy verhaal luister nie, oral word deure in sy gesig toegeklap. Teruggekom vind hy sy meul in vlamme.

Die verhaal bied moontlikhede vir 'n breë roman waarin 'n skrywer al die karakter- en dramatiese moontlikhede kan uitput. André Brink bied egter dit aan in novellevorm. Hy ondergaan hier nie dieselfde worsteling as sy karakters nie, hy belewe die gebeurtenisse nie intens persoonlik nie, maar hy aanskou dit asof van vér, van een van die koppies af, met vertedering en 'n bietjie weemoed. Die presiese plek — en tydsmilieu maak vir hom nie soveel saak nie. Dit is sommer iets wat eens, êrens met 'n sekere Jan gebeur het. Die hele strewe is na helderheid en eenvoud. Selfs die kort sinnetjies, wat elders kon gehinder het, werk hier mee aan die atmosfeer van eenvoud.

Waarom is daar dan tog iets in die boek wat staties en stroef aandoen? Dit lê m.i. in die karakters. Want ten spyte van die feit dat die hele strewe van die novelle meer tipering as volle karakteruitbeelding regverdig, wil mens die karakters uit hulself leer ken en nie deur die gemoed van die skrywer nie. Die persoon van die skrywer oorheers nog

Sy was siek en in die bed en haar eggenote wat besig was om 'n koppie tee te maak skree van die kombuis af dat hy nie die tee kan kry nie. „Ek weet nie wat is makliker om te kry nie," het sy geantwoord. „Dit staan reg voor op die boonste rak in die spens in n kakao-blik wat met Engelsesout gemerk is!'

die karakters. Dis al of hy vir ons wil sê: „Hier is Jan, so en so gaan ek hom maak. Ek het hom klaar beplan." As ons dit nou vergelyk met Mikro se Mattewis en Meraai: Ons **deurlééf** hulle nie soos ons met 'n sielkundig-deurworstelde karakter in 'n roman of drama sou gedoen het nie, maar ons **beskou** hulle eerder, soms vertederd, soms met 'n glimlag. Tog groei hulle uit hulself voor ons. Mikro het self eenmaal gesê dat hy maar

(Vervolg in volgende kolom)

WAT IS 'N STUDENT?

OM 'n goeie verklaring te gee van wat 'n student is, is uiters moeilik. Dit vloei voort uit die eienaardige wyse waarop hy sy lewe moet slyt. Gewoonlik kry mens hom in 'n sel opgesluit net soos 'n kluisenaar.

Maar daar is 'n Afrikaanse spreekwoord wat sê: „Sê my wie jou vriend is, dan sal ek jou sê wie jy is." Aan die hand van hierdie spreekwoord moet ons dus nou verklaar wat die student is.

Een van sy beste vriende is dan ongetwyfeld sy boek, want daarmee is hy byna voortdurend besig in sy sel. Volgens die bo-aangehaalde spreekwoord is hy dus 'n **Boekwurm,** dus 'n redelose wese.

Maar daar is 'n ander spreekwoord wat sê: „In die nood leer mens jou vriende ken." En werklik, as die student so na sy bed kyk op 'n koue wintersaand dan wil hy liewers in sy bed wees as by sy boek. Hy is dus meer 'n vriend van sy bed, d.w.s. van warmte, en is gevolglik nie eintlik 'n **Boekwurm** nie, maar wel 'n **Das** (nie 'n „taai" nie), want 'n das hou van warmte.

Is die student eenmaal in die bed en begin hy warm kry dan blyk dit weer dat hy ook aan die bed ontrou is, want dan is hy daarmee alleen nie tevrede nie. Dan wil hy nog 'n vriend by hê, en hierdie vriend is slaap. In hierdie opsig is hy dus 'n **Skilpad,** want dié slaap graag in die koue winter.

Hierdie **slaap** is 'n wonderlike „vriend." Die student se kop is deur sy boek-vriend op hol gesit en dan wil slaap niks met hom te doen hê nie. Die studente doen dan alle beloftes sodat slaap tog maar moet kom. En as die slaap dan eindelik kom, het hy weer 'n gekskeerdery met die student aan die gang. Onder die voorwendsel dat die boek-vriend die student se kop op hol gesit het is hierdie slaap dan meer 'n vyand as 'n vriend. Al wat hy doen is om die student te kwel en te pynig, want dit is worsteling op worsteling en droom op droom, sodat die student die volgende more uitgeput en afgemat ook die twee vriende moet verlaat, want in die nood is hulle nie sy vriende nie.

Hy is dus nóg 'n Boekwurm, nóg 'n Das, nóg 'n Skilpad, maar 'n gewone mens .

(Vervolg van vorige kolom)

net die pen vashou en dat die karakters die res doen. Skynbaar het Mattewis en Meraai so hande uitgeruk dat Mikro sy GONNAKOLK aan hulle opgedra het omdat hy vir hulle so lief geword het. Só 'n karakter is Jan nog nie. Hy is nog te doelbewus **geskep.**

Die boek is in 'n klein bestek geskryf. Dit is 'n klein wêreld waarin groot gedagtes met nederigheid benader word. Slegs 'n paar simbole word telkens terugkerend gebruik vir die dominerende gedagtes: eensaamheid, verlange na menslike liefde, haat. Die eensaamheid is gesimboliseer in die afstand tussen meul en dorp, die verlange voel ons as Jan na die dorpsliggies kyk, en die dreiging van haat klink in die dreuning van stemming by die kampong. Sy enigste liefde konkretiseer hy in die pophuis, wat tot die einde onvoltooid bly. Meestal kom hierdie simbole natuurlikerwys en sonder enige skynbare opset voor. Alleen die aan die brandraak van die meul aan die slot kom bietjie opsetlik voor.

Ten spyte van enkele punte van kritiek, genotvol om te lees. Ons sien uit na die koms van André Brink se drama.

R.D.

NOORDBRUG KONTANTWINKEL
(Eienaar: A. G. Botha)
Langs Noordbrug-Poskantoor.
●
Vir
KRUIDENIERSWARE,
SKRYFBEHOEFTES,
LEKKERS, SIGARETTE
en TOILETWARE

Op pad . . .



na
GEEN & VELLEMAN
vir sy FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.
Volg hom na:
Kerkstraat 178.

HIEROOR en DAAROOR

'n Koppige ou Ier het die tandarts se spreekkamer binnegestrompel. Dit was duidelik dat een van sy kiestande die oorwegende rede vir sy besoek was, maar hy kon net nie die moed bymekaar skraap om op die stoel te gaan sit en die tand te laat trek nie.

Die tandarts haal toe naderhand 'n bottel Whiskey uit, en jaag die oubaas 'n stywe dop in. Toe hy na 'n paar minute vra of die pasiënt genoeg moed het om nou op die stoel te kom sit, het die man besliste poginge in die rigting van die deur begin aanwend.

Toe die pasiënt selfs ná ses doppe van die voggies nie moed kon vind om die tandtrekkery agter die rug te kry nie, het die dokter hom toegelaat om die hele bottel te ledig.

Maar as hy gedink het dat die geveg daarmee sonder meer gewen is, was hy verkeerd — die Ier het tot in die middel van die vloer gewaggel, sy woeste rooi baard met sy regterhand vasgevat en, „wysj my die lae vuilgoed," het hy gebulder, „wat dit sjal waag om nou aan MY tand te vat!"

* * *

„Dok" Sitters, afrigter van 'n bekende voetbalspan, moes vir die laaste agt Saterdae agtereenvolgens sien hoedat sy span in die modder getrap word — die laaste keer selfs met 'n vernederende telling van 40—0.

Toe die span weer die daaropvolgende Maandagmiddag byeen kom, was „Dok" baie bitter:

„Ons kan, vir die laaste wedstryd van die seisoen, net sowel alle taktiek vergeet wat ek probeer het om aan julle onnosele harspanne tuis te bring. Ons gaan terug na fundamentele begrippe . . . Les nommer een: Hierdie voorwerp wat ek hier in my hande hou staan bekend as 'n voetbal.

Les nommer . . .

Op hierdie stadium is hy in die rede geval deur 'n groot, baie bekommerde heelagter n die voorste ry met 'n pleitende „Haai Dok, nie so vinnig nie man!"

* * *

'n Onbegrepe vrou is 'n vrou wat ander nie begryp nie.

* * *

Mans is goeters waarmee vrouens trou. Hulle het twee hande, twee voete en soms twee vrouens, maar nooit meer as een sjieling of een idee op 'n slag nie.

* * *

'n Jong vrou is soos 'n druiwetros: volgens behandeling word sy asyn of wyn.

— JAN RAP

Alweer: Die Eerstejaars!

Toe die klomp Dore die begin van die jaar hier aangeland het, was dit duidelik dat slegs 'n hewige inlywing hulle enigsins waardige P.U.-studente sou maak. Dit het gelyk asof die aksies gehelp het, maar na die Julie-vakansie was hulle net so hans. Dis toe dat die ou-dames bloed geruik het. Die toneeltjie wat hom afgespeel het, kan met 'n donderstorm vergelyk word — net agterstevoor: eers die storm en toe die stilte. Donderdagaand het die ou-dames met vuur en lus hul woede en kwaadaardige gevoelens op die „gore Dore" laat losbars (die storm). Daarna was daar twee dae volkome rus en vrede op die Puk. Die rede? Die eerstejaars het na Fochies verhuis! Dit skyn asof hul heeltemal gelouter teruggekeer het. Die ou-dames wil nou nie onnodig optimisties wees nie, maar dit lyk tog asof al hul moeite nie verniet was nie: Ons gaan sommer 'n puik klomp tweedejaars volgende jaar hê. Die eerstejaars moet net nie dikkop word nie, want dalk is dit „het einde nog niet."

Tafeltennis

Die klub se jaarlikse kampioenskappe is weer aan die gang, en alhoewel die belangstelling maar min is, neem die ou staatmakers weer deel. Wie vanjaar die mansenkelspeltitel gaan buit is glad nie so 'n uitgemaakte saak nie, want reeds in die eerste ronde was daar 'n verrassing toe verlede jaar se kampioen, Johan van der Walt die knie moes buig voor Willie Grobler, en dit sonder dat Johan 'n enkele spel kon inpalm.

Ook by die dames sal daar hard gespook word om die titel. Die twee vernaamste aanspraakmakers hier is Monica en Elma. Die ander deelnemers kan egter ook hier verras. Hier kan ook 'n aanskoulike finaal verwag word.

Die finale rondes sal aanstaande kwartaal plaasvind en by dié geleentheid hoop ons om 'n paar Transvaalse kampioene in 'n vertoonwedstryd te sien. So Pukke, kom kyk gerus hoe moet die klein balletjie rondgeslaan word.

—Rosier de Ville.

In der Beginne . .

Aan alle gekysdes sê ons hartlik geluk met die uithoudingsvermoë, en aan die nuwe kyse: volg die goeie voorbeeld na!

Adriana Hoogenboezem met Freddie Marx.

Marcia van Rooyen met O. Dipper.

Anna Prinsloo met Martiens Erasmus.

Alet v. Rooyen met Peet Oeschger.

* * *

Die wêreld is vol gewillige mense, sommige gewillig om te werk en die res om te laat werk.

DIENS!

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . . .

Mooirivier-Apteek

Kerkstraat 205. **Telefoon 380.**

MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

J. P. VAN DER WALT APTEEK

EK VOORSIEN ALLES WAT U VAN 'N APTEEK VERLANG

Kerkstraat 118.

Vir al u

TRAPFIETSE, N.S.U.-BROMFIETSE, BROMPONIES, ONDERDELE, en HERSTELWERK,

besoek — PARK FIETSWINKEL

(F. F. Tranter)

H/v. Van Riebeeck- en Lombardstraat. Foon 995

Asook: KRUIDENIERSWARE EN VARS PRODUKTE.

B-L-I-T-Z die naam vir

→ VOORTREFLIKE WERK,

→ EERLIKE BEHANDELING,

→ GOEIE DIENS.

Posbus 41 - - - - - - - Telefoon 789

AITSA!

As die DAMES so sê Koop die Jongeheer sy klere by—

J. TOD SUTTIE

Kerkstraat 177 — Tel. 1

EERSTESPAN WEN STRATHVAAL

NAVY SPEEL SPOGGERIGE RUGBY

DEUR VIR STRATHVAAL OP SATERDAG 6 SEPTEMBER 'N LOESING VAN 14-0 TOE TE DIEN OP DIE PARK, HET ONS EERSTE RUGBYSPAN NOG 'N TREE NADERGEKOM AAN DIE NESERBEKER.

Alhoewel die wedstryd soms slordig en bietjie lusteloos was, was daar tog wel verskeie kere pragtige bewegings. Stoney Steenkamp, die ou veteraan, was bepaald op sy stukke. Nie alleen het hy 'n pragtige drie gedruk nie maar ook twee skoppe oorgeklits. Die eerste skop was 'n strafskop en die tweede 'n vervyfskop wat gevolg het op 'n mooi drie deur Nic Viljoen. Nadat Hennie v. d. Walt pragtig deur 'n gaping genael het en toe dadelik die bal na sy agterlyn laat loop het, het elke agterlynspeler die bal hanteer en Nic het gaan druk met nog 'n man langs hom.

Die verdere dr[illegible]ounte het gekom van 'n strafskop [illegible] Toy Dannhauser. Toy het ook [illegible] Saterdag geskitter met sy pragtige lang buitelynskoppe.

Deur pragtige samespel tussen voor- en agterspelers en rotsvaste verdediging was Navy Saterdag in staat om 'n groot oorwinning van 22—0 te behaal oor Strathvaal se tweede span.

Die volgende persone het drieë gedruk: W. Grönum, F. Lessing, K. Stals, J. Ras, A. Pyper en Hasie Howell. Hiervan het D. Crause en P. Oeschger elk een drie vervyf.

Veral die losvoorspelers en Piet Bosman het besonder goed gespeel. Ons wonder net hoekom die Navy nie altyd so kan speel nie?

So Doen 'n Mens Dit

Terwyl Jan van der Schyff nog op skool was het hy reeds vir Wes-Transvaal rugby gespeel. Sedertdien dra hy nog onafgebroke die kleure van die Mielieboere se span.

Hy het twee jaar vir Wes-Transvaal onder 19 gespeel, en verlede jaar het hy in die eerste jaar wat hy seniorrugby gespeel het reeds die Weste op die voetbalveld verteenwoordig. Oor vanjaar se prestasies is ons as Pukke baie trots. Hou so aan Jan, en in die jare wat kom behoort jy 'n rekord op te bou wat alleen eer aan jou Alma Mater kan gesorg. Ons hou jou vordering met belangstelling dop.

Hoe's Daai?

Aangesien die eerste krieketspan verlede jaar geen wedstryde verloor het in die reserweliga nie, is daar besluit om vanjaar nie by dié liga in te skryf nie, maar om vriendskaplike wedstryde te reël waar daar meer kompetisie sal wees. Ons voel dat ons daardeur ons spelers beter sal kan voorberei vir die inter-universitêre kriekettoernooi.

Met die oog op die kriekettoernooi wat vanjaar in Durban gehou word en waaraan ons moontlik sal deelneem, wil ons byvoorbaat 'n beroep op alle spelers en potensiële spelers doen om gereeld te oefen, want dan alleen kan dit moontlik wees om 'n plek in die toerspan oop te speel. So 'n toernooi hou natuurlik vele beloftes in.

Die oefeninge het reeds op Maandag begin en daar is elke Maandag en Woensdag om 4.00 nm. oefening. Alle nuwe spelers is hartlik welkom en daar word vertrou dat ons 'n aangename krieketseisoen in vooruitsig het.

„HASIE" HOWELL.

* * *

Moedelose man in die kroeg aan sy vriend: „My vrou is die wonderlikste mens in die wêreld, en dit is nie slegs my opinie nie . . . dit is hare ook!"

* * *

My seuntjie kom tuis met 'n blou oog, 'n bloedneus en al die merke van 'n rowwe geveg op sy gesig. Terwyl ek besig was om die stukkende plekke te behandel sê hy: „Jislaaik Pa, wat 'n vegter! Verlede week toe ek Hansie uitgedaag het om te veg en hom die wapens laat kies, het ek nooit gedink dat hy sy suster sou gebruik nie."

Jumping-Bucks Herwin Verlore Prestige.

Suid-Afrika se Eer Gered

TEEN 9.15 vm., Saterdag 23 Augustus het die toeskouers van oor die hele Puk-gebied reeds hulle opwagting gemaak voor die Griet Pobbler-stadion, waar daar sedert dagbreek reeds gewoel en gewerskaf is.

Skares van die manlike geslag het per voet en fiets voor die Ooshek saamgedrom, maar a.g.v. die belangrikheid van die wedstryd en hulle onkunde oor die spel kon hulle nie binne die stadion toegelaat word nie. Hoewel 'n oproer voor die Ooshek gevrees is, het die wakker geregsdienaars tog hulle plig gedoen en het die opgewonde skare later geloop en gaan Snoeker speel. Slegs een manspersoon het by die Noordhek probeer binnedring maar is spoedig met noodlottige gevolge verwyder.

In die sitkamer was die meubels reeds opsy geskuif en die spelers besig om op te warm. Die verrigtinge is 'n bietjie vertraag deur die gesloerdery van Dr. Kaas Windvogel (hy het glo aan 'n mieliestronk gestik), burgemeester van Magaliesberg en sy metgesel Sterman Heytler, redakteur, eienaar, drukker en verspreider van die „Magaliesberg Views". Nadat hierdie twee gaste hulle plekke op die pawiljoen ingeneem het, het die kommentator die verrigtinge geopen met 'n klassieke, unieke verwelkomingswoord aan eregaste, die pers, toeskouers, skeidsregter en spelers.

Op hierdie spanningvolle oomblik het die orkes al spelend opgedraf en die leier, Caceel von Hirreden het die blasers en slaners en ander lede se name van 'n gewigtige papirusrol afgelees en is met 'n oorverdowende geskreeu toegejuig deur die opgesweepte skare.

Op die gegewe oomblik het die fikse spanne fyntjies op die veld gedraf, gevolg deur twee uitgelate vlagmanne. Die spelers het op aandag gestaan onder die sukkelende gespeel van die twee volksliede, nl. „Daar's 'n hoender wat 'n eier nie kan lê nie," en „Ai ziké zumba zé." Hierna het die Jumping-bucks hulle kreet met 'n groot geblêr geblêr. Da A la Kieps-Kieps wou hierop verbeter en het uit volle bors begin kekkel en kraai — 'n poging wat deur hulle kaptein, Rituel Champion, al haanspringende geïnspireer is.

Die heer Kaas Windvogel het intussen die pawiljoen (Die Grand Stand), spesiaal vir hom opgerig, verlaat en die spanne is aan hom voorgestel.

A LA KIEP-KIEPS:
Heelagter: Estéré du Watt.
Vleuel: Petrole du Wicht.
Senter: Eloise du Toit.
Losskakel: Babauin le Mirvolleix — wonderlike bobbejaan.
Skrumskakel: Marvin Vulgaire — vulgêre matroos.
Voorry: Rituel Champion (kaptein).
Villon au Heniga — ware wolk.
Haker: Vilement Stratus.
Slotte: Héllene Edente — die tandelose Helena.
Sardine Ossatiere — sardientjiegeraamte.

JUMPING BUCKS:
Heelagter: Elmar Otto.
Vleuel: Albert van Rooy.
Senter: Bertus van der Merwe (kaptein).
Losskakel: Jan Venter.
Skrumskakel: Hans die Kleine.
Voorry: Riaan Snyman.
Cornelius Venter.
Haker: Sarel Smit.
Slotte: Ignatius Celliers.
Daniël Malan.

Eindelik! Die wedstryd begin!

(Geagte lesers, ongelukkig is die verslag van die verloop van die wedstryd gesensor deur die redaksie. Daar is gevoel dat die plasing van soiets skade kan berokken aan die populariteit van hierdie blad met sy besonder groot leserskring.

Die eindtelling was 11-9.

Ons skets vir u net kortliks die einde van die wedstryd: Na 'n vaste skrum ontwikkel 'n pragtige dribbelloop deur die Jumping Bucks en die gevoelens langs die veld loop hoog — so ook die bal (moontlik a.g.v. 'n skop). Van pure opwinding verloor die kommentator sy snor. Die eindfluitjie skel en die kapteine word heuphoogte van die veld af gesleep.

—Red.)

Goeie Nuus!

AAN ALLE SPORTKLUBS!
Ons bied nou aan:
● SPORTBEKERS
direk van die fabriek
Spesiale AFSLAG vir klubs.
Raadpleeg ons eerste!

I. GLAZER
(Juwelier)
Kerkstraat 187,
Potchefstroom.